**1 September**
**Skrifgedeelte: Matteus 10:26-30**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:29**

**God, die Versorger van voëls**

Ons hemelse Vader het die groot volstruis, die klein tinktinkie, die helderkleurige suikerbekkie, die skroppende tarentale en die luisterende uil geskep. Elkeen van hulle kry elke dag genoeg kos en water – selfs ook die algemeenste van voëltjies, hulle wat in groot swerms rondvlieg, die mossies, want ons hemelse Vader het hulle nie net geskep nie, Hy onderhou hulle ook elkeen.

Dit is wat Jesus aan ons wil leer – al lyk ons in ons eie oë onbelangrik en net maar nog een van baie, dan is ons steeds meer werd as die vyf mossies wat vir twee sent verkoop word (Luk 12:6). Ja, ons is vir God soveel werd dat Hy elkeen van ons nie net ken nie, maar selfs elke onbelangrike detail van ons weet, soos die getal hare op ons kop. Daar is dus nie sprake daarvan dat Hy enigeen van ons ooit sal los of vergeet nie.

Al voel jy soos ’n stadsduif, wat verwaarloos op ’n betonlysie sit, of 'n vink, wat sy nessie bou bo 'n watergat wat opdroog, dan is dit steeds waar dat die Here God van 'n iedere en elk van ons versugtinge weet.

Hy sal sorg dat jy nie sonder sy wil op die grond val nie. Jy sal niks beleef wat Hy nie so beskik het nie. Daarom hoef jy nooit moedeloos, bekommerd of angstig te wees nie, maar plaas jou toekoms in sy versorgende hande. Ja, Hy is die Een wat ons na siel en na liggaam in lewe en in sterwe (vers 28) sal bly versorg.

*Sing: Psalm 84:2 Ds PG Geertsema (Pretoria-Oos)*